

Die graf is 'n saadbedding daarom geen verassing

As 'n mens vandag in 'n geselskap iets sê teen verassing/lykverbranding dan is daar ten minste 7 of 8 uit 10 mense wat sê: Wat is daarmee verkeerd? 'n Mens hoor al hoe meer van mense, ook bekendes, wat nie begrawe word nie, maar veras word. En tog is daar talle, ook stoere, kerkmense wat geen oog daarvoor knip nie. Verassing het vandag die aanvaarbare praktyk geword. Daarom hoor jy al hoe meer van mense uit jou eie kring wat bepaal dat dit eendag met hulle moet gebeur.

Maar – u en ek wat in die Here glo, moet ons stem helder en duidelik hierteen laat hoor.

Want as iemand vir jou die vraag vra: Mag 'n mens jou laat veras na jou dood? Dan is die antwoord daarop helder en duidelik – Nee. En as een van u dalk sodanige planne het, dan moet u in die Naam van Christus ernstig voor God hieraan aandag gee.

Wat sê God hieroor? Drie dinge:

- Eerstens: oor begrafnis is nie geredeneer nie.
- Tweedens: lykverbranding het wel voorgekom.
- Derdens: Wat sê God van ons liggaam na ons dood?

In die eerste plek is daar nie oor begrafnis geredeneer nie. In 1 Korintiërs 15 het die Woord van die Here dit oor opstanding. Sonder om na iets anders te verwys, word eenvoudig van die opstanding gepraat, en dan is die bedoeling die opstanding uit die graf. Hier word die woord “opgewek” gebruik. Dit beteken letterlik om wakker te word.

Die bedoeling is baie duidelik: as jy, mens, sterf, dan is jy nie dood soos 'n hond nie, maar die Woord van God sê jy ontslaap. Jy gaan in 'n doodslaap in. En daarom word jou liggaam in 'n grafbed neergelê. En daar slaap jy jou doodslaap totdat God op sy tyd jou weer daar laat ontwaak, jou weer wakker maak. Hier op aarde werk jy en vanaand gaan lê jy op jou bed om rustig te slaap om môre verkwik op te staan. As jou aardse skof voltooi is, gaan jy in die slaap van die dood in, en hulle lê jou daar in jou graf totdat op die nuwe more God jou weer laat ontwaak.

U kan dus sien dat daar simboliek in 'n mens se dood en in 'n mens se graf sit. Daarom was die logiese by Israel dat jy na jou dood begrawe word. En so praat Jesus self ook oor die dood. Lasarus is in die graf. Maar hoor wat sê Jesus: Hy slaap, en Ek gaan om hom wakker te maak. Jesus stel dit so in Johannes 5:28: *“Daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die graf is, sy stem sal hoor en sal uitgaan.”* Almal wat in die graf is.

Hoor die aartsvader Jakob: *“Wanneer ek sterf, moet julle my begrawe in die familiegraf. Abraham en sy vrou Sara is daar begrawe. Isak en sy vrou Rebekka is daar begrawe, en daar het ek vir Lea begrawe.”*

“Josef se beendere is vir jare in Egipte gehou om uiteindelik na die uittoeg in Israel begrawe te word. Handeling 7 stel dit so: “ En hulle is oorgebring na Sigeem en weggeleë in die graf wat Abraham vir 'n som geld gekoop het.” Jesus is natuurlik ook begrawe. Handeling 13:29 stel dit so: *“En toe alles volbring was wat oor Hom geskryf is, het hulle Hom van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê”.*

U sien, daar is talle voorbeelde dat die begrafnis die pad na die dood is. Ja, kortom: Vir die gelowige en vir die ongelowige is dit die pad wat God teken, want Hy kom eenmaal om gelowige

en ongelowige uit die graf te haal. Dan sê Jesus in Johannes 5: *“Die wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en die wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word.”*

VERBRANDING IS JUIS TOEGEPAS AS TEKEN VAN GOD SE TOORN OP DIE SONDE.

Dit dui natuurlik op opstanding uit enige plek – opstanding uit die graf, maar ook opstanding uit daardie kassie as. Die gedagte van opstaan staan egter hier onlosmaaklik verbind aan uitgaan uit die graf, soos wat Jesus uitgegaan het. Daarom sê die Woord van die Here vir u: As dit God se pad met jou is, wie is jy dan om 'n ander pad te wil kies? As dit die pad is wat jou Hemelse Vader vir jou liggaam bepaal het, hoe kan ek dan as't ware gaan om dit uit sy hande te neem en dit te laat verbrand? God vra van ons gehoorsaamheid aan sy Woord. Wie in sy dood 'n ander pad wil loop, is ongehoorsaam aan die Woord van die Here.

Lykverbranding het wel voorgekom. U weet dit is nou so in ons lewe dat mense wat sekere dinge doen, dit graag ook uit die Bybel wil regverdig, al is dit verkeerde dinge. Ook by hierdie saak kom hulle dan en sê vir jou: Maar die Bybel praat daarvan. In Josua 7 kry ons Agan en sy mense waar hulle met vuur verbrand word. Levitikus 20 vers 14 het bepaal dat “as 'n man 'n vrou en haar moeder neem, is dit 'n skandelige daad; hulle moet hom en dié twee met vuur verbrand ... Juda wil in Genesis 38 sy skoon dogter Tamar laat verbrand omdat sy gehoereer het. Die Israëliete laat toe dat die lyke van Saul en sy seuns verbrand word soos 1 Samuel 31 sê.

Daar is dus voorbeelde, ja. Wanneer is dit gedoen? In die geval van Saul en sy seuns was dit die daad van die inwoners van Jabes om te voorkom dat die dooie koning en Israel verder onteer word deur die Filistyne. Hulle het naamlik die lyke teen die muur van Bet-San tot 'n spot vasgespyker. Maar dan kom hierdie inwoners van Jabes en hulle haal dit af en verbrand die vleis. Maar, let wel, hulle gaan begrawe die bene onder die tamarisk in Jabes.

Die ander gevalle wat genoem is, is in die geval van 'n grusame sonde. Verbranding is juis toegepas as teken van God se toorn op die sonde. Ja, Hyself vertoorn Hom so daarvoor dat Amos (2:1) as hy oor Moab se sonde wat hy gedoen het, praat, sê: *“Die grootste was dit, hy het 'n vierde sonde daarby gevoeg by sy sonde. Hy het die bene van Edom se koning tot kalk verbrand.”*

Hier noem God se Woord - uit die mond van God self – dat dit 'n sonde is wat God straf. En let op: Moab het hierdie sonde teen 'n heidense volk, Edom, begaan. Maar dit is so 'n sonde in die oë van die Here God dat Hy dit selfs straf waar dit teen die heidene gedoen is.

Kan dit dan anders dat Hy ook toorn waar jy toelaat dat dit met jou dierbare gebeur? Daarom sê die Woord van die Here vir u ook dit: Verassing is 'n teken van die toorn van God, van sy straf. Hy verbied ons in sy Woord en wet om ons liggame te skend. Wil ek dan my liggaam wat God aan die doodslaap oorgegee het, gaan skend deur dit te verbrand? Om so sy Goddelike toorn oor my te haal?

Daar is mense wat dink dat hulle, juis deur hulle liggame te verbrand, aan hierdie toorn van God kan ontsnap. Dit kan jy nooit doen nie. Daarom is die oproep uit die Woord van God: Bekeer jou dan van jou ongelowige en sondige gedagtes rondom jou liggaam na die dood. En kry dit tog uit u sisteem uit, die gedagte van 'n donker graf en wurms wat verteer, en dink eerder daaraan dat die Here God Hom vertoorn en dat dit vreeslik is om te val in die hande van die lewende God.

Wat sê God oor ons liggaam?

U het gelees dat ons die dood en die graf as 'n slaap en doodbed uitgewys het. Maar dit lê veel dieper. 1 Korintiërs 15 praat van begraving as die proses van saai. Daarom het ons gesê is die mens nie maar 'n hond wat jy in 'n gat gooi en dit is verby nie. Dit is die proses van saai. U ken dit so goed uit die lewe. Jy kom en jy plant saad van watter aard ook al en daar kom 'n plant op wat vrugte voortbring.

Ons gaan eendag 'n nuwe liggaam kry. Weet u hoe ons dit gaan kry? Ons gaan dit kry deur die proses van planting. Ons liggaam word letterlik in die grond soos die saad geplant om daar te

ontkiem om eendag in 'n nuwe gestalte op te staan. Hier staan *“God gee gestalte daaraan”* en ook dit: *“die glans van die hemelse liggame is anders as die van die aardse liggame”*. Op aarde saai jy jou saad, en daar in die grond sterwe dit as't ware. En tog, tog kom daar juis deur die dood lewe, daar in die grond. Want daar kom 'n pragtige plantjie op om uiteindelik vrugte te dra.

Sien jy, jou dood en begrafnis is nie betekenisloos nie. Dit is nie maar net 'n metode om van jou ontslae te raak nie. Ek wat deur Jesus aan God behoort, is God se saadkorrel. En daarom kan ek mos nie hierdie saad laat verbrand nie. Jesus het dan vir ons die pad gewys. Hy is self begrawe en het uit die graf opgestaan in volle heerlijkheid.

Wil u, wat u saligheid buite uself in Christus kry, dan 'n ander pad loop? 'n Pad wat nie getuig van opstandingsgeloof nie, maar van ongeloof? Hoor dan die Woord van die Here. Sê vir jouself, en sê dit uit 'n diepe oortuigde geloof: Ek is die saadkorrel van Jesus Christus. Want my liggaam behoort in lewe en in sterwe aan Hom – daarom is ek sy saadkorrel.

Daarom wag ek op die dag dat Hy my in die grond wil plant. Ja, wag ek op die dag dat alle grafte sal oopgaan en ek saam met al die gelowiges in 'n nuwe gestalte sal opstaan. Dan sal ek gelyk wees aan die verheerlikte liggaam van Christus, sê die Woord van God. Is dit dan nie juis wonderlik om in die graf te kan ingaan en daarvandaan deur te gaan in 'n nuwe lewe nie?

As jy die proses van die graankorrel, die saadkorrel, verstaan, dan kan jy jouself nooit in der ewigheid laat veras nie. Ons gaan nie nou in op menslike argumente soos gebrek aan grond en siektes en so meer nie. Daar was nog altyd en sal altyd grond vir begrafnisse wees en God sal nie pes gebruik waar sy kinders aan Hom gehoorsaam is nie.

Maar nou hierdie vraag: Wat nou as ek 'n dierbare het wat reeds veras is? Ons mag nie doekies omdraai nie. Dit is ongehoorsaamheid, maar Goddank, my ongehoorsaamheid kan nooit groter wees as my God se genade nie. Ook vir die wat veras is, is daar vergifnis. Vir die wat dit uit onwetendheid gedoen het. Maar vir ons wat die woord gehoor het – ons is nie meer in onkunde nie! Ons mag nie langer doelbewus, opsetlik teen die Here God gaan sondig nie.